

# Slimboek

## Graad 1



Week 2

My naam: \_\_\_\_\_

Mamma/Pappa se naam: \_\_\_\_\_

# Liewe Ouer

- Hierdie boekie is so saamgestel dat jou kind slegs 'n paar minute per dag besig gaan wees.
- Daar is vir elke dag skriftelike- en grootmotoriese aktiwiteite ingesluit. Die werk kan deur die loop van die dag gedoen word.
- Van hierdie aktiwiteite vereis dat u as ouer die opdrag sal gee en toesig sal hou terwyl hy/sy dit doen.
- U kind moet soveel as moontlik buite speel en slegs 'n kort tydjie 'n skriftelike aktiwiteit doen. Dit sal help dat u kind geen onderrigtyd sal verloor tydens die drie weke van ekstra skoolvakansie.
- Hierdie aktiwiteite begin eers op 31 Maart 2020. Hierdie is week 2.
- Moet asseblief nie op een dag al die aktiwiteite doen nie. Ons wil u kind help en nie ontmoedig nie.
- Elke dag se werk het 'n datum bo-aan. Julle kan selfs “skool-skool” speel, sodat dit nie soos “skool” voel nie.
- Ons doel is om leerders die vaardigheid aan te leer om verantwoordelikheid vir sy/haar eie leer te aanvaar.
- Moet asseblief ook nie negatiewe opmerkings oor sy/haar skool, onderwyser of die besluit dat skole toe is, in u kind se teenwoordigheid maak nie.



Geniet hierdie kosbare tyd saam met u kind. Hulle word so vinnig groot. Koop die tyd saam met u kind uit

# Maandag 6 April


Aangesien die kwartaal se opening met nog 'n week uitgestel is, kan ons nie anders as om nuwe klanke aan te leer nie. Daar gaan in die loop van die volgende twee weke 4 nuwe klanke aangeleer word. Indien jou kind reeds van hierdie klanke ken, moet hy die aktiwiteite saamdoen sodat hy/sy die klank kan in oefen.

## 1. Oefen klanke

Mamma wys die klank en jy moet dit hardop sê

o m t g l  
s e d a

## 2. Nuwe klank



Inkie Inkpot









*Platinum reeks*

3. Knip 10 i - klanke uit tydskrif en plak hier in.




4. Teken die prente van die woorde hieronder


		
		

## Fynmotories

### Voltooi die skrifpatroon



- Oefen vingers met 'n rekkie en klei. (kleiresep, bl. 19)




## 6. Grootmotories

- Beweging — galop, vorentoe, agtertoe, sywaarts
- Kruiwastoot
- Driebeenresies

## 7. Kunsaktiwiteit. (Gebruik A4-papier)

- Teken 'n kop-en-skouers skets van jou mamma of pappa.
- Wys dat die oë in die middel van die gesig is en nie die neus nie.
- Laat hulle slegs 'n portret teken.
- Kleur in.




## 8. Telaktiwiteite

I	2	3	4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
31	32	33	34	35	36	37	38	39	40
41	42	43	44	45	46	47	48	49	50



- Gebruik die telkaart. Mamma sê getal en kind tel van 1 tot by getal.
- Kleur elke tweede blokkie in. Tel nou in twees.

## 9. Oefen die drilsirkel

Druk op 'n getal. Leerder gee die antwoord van dié getal, +1. Dit is suiwer mondelingse werk met betrekking tot getalbegrip. Oefen dit so gereeld as moontlik. Dit is ongelooflik waardevol!



Tel in 2's en verbind die kolle.




Dinsdag 7 April

## 1. Oefen klanke

Mamma wys die klank en jy moet dit hardop sê

o s d e g  
m i l a t

## 2. Nuwe klank



Inkie Inkpot






Platinum reeks



### 3. Omkring al die i-klanke.


l	o	a	i	l
j	g	s	p	i
!		m	n	l
a	e	c	x	!
t	!	u	i	!

### 4. Skryf die woord by die prent

## Fynmotories

### Voltooi die skrifpatroon



- Rol klei in rolletjies en bou die i-klank.
- “Skryf” met die rolletjies die woorde soos vir die i-klank gedoen.
- Maak Inkie inkpot met die klei.

## 6. Grootmotories

- Maak met jou lyf 'n i-klank
- Watter anders letters kan jy ook met jou lyf vorm?

## 7. Kunsaktiwiteit

- Teken julle gesin by die huis.
- “Kleur” die prent in deur van vorms gebruik te maak

## 8. Telaktiwiteite

- Gebruik die telkaart
- Tel in 1 en 2 van 'n sekere getal tot by ander getal. Bv. 12 – 26
- Herhaal, tel net tot by 50.



## 9. Doen die woordsomme

Kyk die video oor woordsomme.

Jan het pluk 4 pere en in die bak is 2 pere. Hoeveel pere is daar altesaam?

\_\_\_\_\_



In my kas is 2 rokke. Ouma koop nog 3 rokke vir my. Hoeveel rokke is daar nou?

\_\_\_\_\_


Daan het 3 rooi karre en 1 geel kar. Hoeveel karre is in sy kamer?

\_\_\_\_\_

Kombinasies van 1



Kombinasies van 2



Woensdag 8 April


## 1. Oefen klanke

Mamma wys die klank en jy moet dit hardop sê


o a s t d l  
i m e g

## 2. Nuwe klank

b



Bennie beer









*Platinum reeks*

3. Knip 5 b-klanke en 5 dinge wat met 'n b-klank begin uit 'n tydskrif en plak hier in.













#### 4. Teken die prente van die woorde hieronder

Fynmotories

Voltooi die skrifkaart

- Oefen vingers met 'n rekkie en klei. (kleiresep, bl. 19)
- Maak die letter b met klein. Rol eers lang wurm en "skryf" dan met kleinwurm.
- Maak die i-klank ook en skryf die woorde hierbo met die klei.
- Laat iemand in jou huis met sy vinger op jou rug 'n letter maak en jy moet dit raai.

## 6. Grootmotories

- Beweging — galop, vorentoe, agtertoe, sywaarts
- Kruiwastoot
- Driebeenresies
- Maak letter b met jou lyf .
- Maak letters met lyf en spel 'n woord. Mamma moet raai wat jy maak

## 7. Kunsaktiwiteit

- Teken 'n denkbeeldige dier.
- Kleur dit in.

## 8. Telaktiwiteite

- Tel voorwerpe in die huis.
- Vergelyk die hoeveelhede.  
Byvoorbeeld: Is daar meer stoele of tafels?
- Tel in twees van 0 - 50



## 9. Voltooi die vrae


1 meer as 6 is \_\_\_\_\_  
1 minder as 6 is \_\_\_\_\_  
na 6 kom \_\_\_\_\_

1 meer as 7 is \_\_\_\_\_  
2 minder as 7 is \_\_\_\_\_  
voor 7 kom \_\_\_\_\_


1 meer as 8 is \_\_\_\_\_  
1 minder as 8 is \_\_\_\_\_  
na 8 kom \_\_\_\_\_

## 10. Voltooi getallelyne

Kyk die video oor getallelyne.



1 meer as 3 = \_\_\_\_\_



2 meer as 1 = \_\_\_\_\_



Donderdag 9 April


## 1. Oefen klanke

Mamma wys die klank en jy moet dit hardop sê


b s t d g l  
i a m i e b o

## 2. Nuwe klank

b





Bennie beer




Platinum reeks

3. Help vir Ben om woorde te bou. Gebruik 2 letters van die korsie en 1 letter van die middelste gedeelte. Skryf die nuwe woorde op die lyne.




4. Omkring die b-klank in die blok




## Fynmotories

### Voltooi die skrifpatroon



- Oefen vingers met 'n rekkie en klei. (kleiresep, bl. 19)



## 6. Grootmotories

- Beweging — galop, vorentoe, agtertoe, sywaarts
- Kruiwastoot
- Driebeenresies

## 7. Kunsaktiwiteit

- Skeur en plak 'n prent oor jou familie.
- Tydskrifte en koerante werk goed.



## 8. Telaktiwiteite


- Maak hopies van 2 en tel die tellers hardop.
- Let op woordeskat, bv. 2 hopies van 5 is 10

- Gee vir jou kind 10 tellers.
- Laat hy/sy die tellers verdeel.
- Kyk of daar enige tellers oorbly, bv. 3 hopies van 3 en 1 teller bly oor.

Voltooi die 50-kaart.

1	2		4	5		7	8		10
11		13	14		16	17		19	20
	22	23		25	26		28	29	
31	32		34	35		37	38		40
41		43	44		46	47		49	50

Kyk na die prentjies en beantwoord die vrae.



Hoeveel kinders tel jy? \_\_\_\_\_

Hoeveel dogters tel jy altesaam? \_\_\_\_\_

Hoeveel voete het al die kinders saam? \_\_\_\_\_

Hoeveel arms sal 5 kinders altesaam hê? \_\_\_\_\_

Hoeveel voete sal 3 kinders altesaam hê? \_\_\_\_\_

Voltooi die somme.

$$\begin{array}{rclcl} 7 & + & 1 & = & \boxed{\phantom{00}} \\ 11 & + & 1 & = & \boxed{\phantom{00}} \\ 8 & + & 1 & = & \boxed{\phantom{00}} \end{array}$$

$$\begin{array}{rclcl} \text{d)} & 13 & + & 2 & = & \boxed{\phantom{00}} \\ \text{e)} & 10 & + & 2 & = & \boxed{\phantom{00}} \\ \text{f)} & 14 & + & 2 & = & \boxed{\phantom{00}} \end{array}$$

Vrydag 10 April

### 1. Oefen klanke

Mamma wys die klank en jy moet dit hardop sê. Sê ook 'n woord wat met die letter eindig. (indien moontlik)

b s t d g l  
i a m i e b o

## 2. Nuwe klanke

**Mamma lees die storie. As jy die i-klank of die b-klank hoor moet jy die klank in die blok skryf.**

Mamma en Ben gaan vandag brood bak. Ben haal die pan uit. Hy sit die oond aan. Mamma gooi meel, suiker, sout en gis in 'n bak. Ben gooi water in die bak. Mamma knie die deeg baie lank. Sy maak 'n bal met die deeg. Sy sit die bal deeg in 'n bak. Nou moet die deeg rys. Ben wag en wag. Uiteindelik sit sy die deeg in 'n pan. Ben sit die pan in die oond. Na 1 uur is die brood gaar. Die brood is bruin gebak. Mamma sny 'n dik stuk vir Ben af. Ben smeer botter en baie konfyt op. Ai, maar vars gebakte brood smaak darem lekker!







## 3. Teken 'n prent oor die storie



## Fynmotories

### Voltooi die skrifpatroon



## 6. Grootmotories

- Beweging — galop, vorentoe, agtertoe, sywaarts
- Kruiwastoot
- Driebeenresies

## 7. Kunsaktiwiteit

- Gebruik herwinbare materiaal en maak 'n kruis vir Paasfees.

## 8. Telaktiwiteite

- Tel in 2's, 5'e en 10'e
- Gebruik die 50-kaart.
- Omkring elke tweede getal op die 50-kaart en tel daarna hardop al die getalle wat omkring is.
- Tel daarna in 5'e en 10'e en omkring die getalle op die 50-kaart

Easy Easter  
Cross Craft



Egg Carton  
CROSS



9. Tel in 2's. Teken 'n rooi ster in elke blok.


10. Tel in 5'e. Teken 'n groen kol in elke blok.

11. Tel in 10'e. Teken 'n blou driehoek in elke blok.


1	2	3	4	5
6	7	8	9	10
11	12	13	14	15
16	17	18	19	20
21	22	23	24	25
26	27	28	29	30
31	32	33	34	35
36	37	38	39	40
41	42	43	44	45
46	47	48	49	50





12. Kyk na die volgende drie getalle, kleur die grootste getal groen in en die kleinste getal blou in.



13. Rangskik die volgende getalle van GROOT na Klein:

1. 

2. 

3. 

## Kleiresep

500 ml koekmeel

200 ml sout

30 ml kremetart

***Plaas alles in 'n kastrol en voeg by:***

500 ml water

30 ml olie

Bietjie kleursel en geursel

## Metode

- *Roer oor hitte tot klonte begin vorm.*
- *Voer rolbewegings met houtlepel uit tot alle klammigheid geabsorbeer is.*
- *Dit lyk soos 'n groot gemors, maar hou net aan totdat 'n bol gevorm word.*
- *Haal uit pot. Pasop dit is baie warm!*
- *Knie dit soos brooddeeg totdat dit afgekoel en elasties is.*
- *Laat dit heeltemal afkoel totdat dit in 'n sakkie en in 'n plastiekbak gebêre kan word.*
- *Moet nie in yskas plaas nie.*
- *Dit hou lank in plastiekbak, indien dit lugdig geseël word.*